// WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Augustus 1996 | Vol. 19

# CALVINISME — DIE WEG VORENTOE

Calvyn was nie 'n Calvinis nie. Met hierdie stelling wil gesê word dat baie sake aan Calvyn en die breë Calvinisme toegedig word, wat maar bra ver van die kol is. Teenstanders van Calvyn en Calvinisme was daar nog altyd. Wat egter in Suid-Afrika gebeur het, is dat Calvinisme se rug oor 'n tydperk van twee-drie dekades gebreek is. Tot so 'n mate dat selfs die term "Calvinis" vervang is met "reformatories" en dat haas niemand meer homself 'n Calvinis wil noem nie.

## Dissipels

Heel aan die begin moet gestel word dat egte Calviniste nie apostels van Johannes Calvyn is nie, maar dat ons as dissipels van Jesus Christus ons vereenselwig met sy groot geloofsbelydenis: Die Bybel is die gesagvolle Woord van God en God is die majesteitlike regeerder van sy hele skepping. Calvinisme is gewortel in die biddende soeke na God se eer en slegs sy eer.

## Oorsake

Natuurlik is daar baie redes vir die verval van Calvinisme, maar van die belangrikste oorsake is die volgende:

Calvinisme is nie "van buite" oorwin nie, maar van binne gerysmier tot so 'n mate dat die ruggraat van Calvinisme in die slag gebly het. Een bewys van hierdie innerlike verswakking is hoe maklik die menseregte-kultuur nie net aanvaar word nie, maar selektief aktief gepropageer word. Selfs stemme in Potchefstroom, wat altyd gereken is as die intellektuele bakermat van Calvinisme, het begin om die menseregte-deuntjie te sing.

## Bedreigde spesie

Dit kom voor asof daadkragtige belydenis oor God se direkte soewereiniteit 'n bedreigde spesie is. Nooit meer word daar op al die lewensterreine gevra: is dit tot God se verheerliking nie, maar die vraag is vervang met: is dit aanvaarbaar vir die meeste mense? By die aanvaarding van die grondwet is die enigste twee christene wat teen die grondwet gestem het - omdat dit nie met God se Woord versoen kan word nie - juis oor hulle belydenis uitgelag. Hierdie subtiele mensgerigtheid van die breë samelewing het ook in die kerke ingedring, tot so 'n mate dat die gemeente se wil al hoe meer in ag geneem word in wat die kerk moet doen.

Calvinisme bely dat God direk soewerein is oor alles wat Hy geskape het. Hierdie belydenis word in ons land haas nie meer erken nie. Waar God nog as die Skepper erken word, is dit op so 'n manier dat Hy wel die aarde geskape het, maar dat Hy nie volkome in beheer is nie. Mens kan selfs vra of die God wat sekere christene bely, enigsins relevant is vir hulle leefwêreld - veral as mens na die verwêreldliking van die kerk kyk.

## Neo-marxisme

As gevolg van die neo-marxiste se (eksistensialistiese) invloed word God gesien as Een wat nog in beheer moet kom. God is nie meer "Ek is wat Ek is nie" maar "Ek sal

*In hierdie uitgawe:*

★ CALVINISME - DIE WEG VORENTOE
A.L.A. Buys .................. 1

★ Skrifoordenking:
DIE AREND EN DIE AASVOëlS
Ds. P.J. Venter .................. 3

★ DIENAAR VAN GOD TOT JOU BESWIL
Prof. P.J. Strauss .................. 5

★ DIE PSALMS IN CALVYN SE DENKE
Prof. B. Armstrong .................. 7

★ OWERHEID EN ONDERDAAN: ART. 36
Prof. K. Schilder .................. 9

★ Boekresensie:
K. Schilder - Oecumenicus ....... 10

word, wat Ek sal word". Omdat God se direkte soewereiniteit nie meer bely word nie, word die mens se aandeel in die regering van die wêreld vergroot, tot so 'n mate dat God eintlik die kerk nodig het om in beheer van sy skepping te kom. God se reg en geregtigheid in en deur Jesus Christus is vervang met God se aandeel in die toestemming dat 'n mens 'n (godgegewe?) reg het om selfstandig op te tree.

## Kerk en wêreld werk saam

Besinning oor ware goddelike eise vir samelewingsgeregtigheid is vervang met 'n vraag oor die wêreld en die kerk se gesamentlike betrokkenheid by die vestiging van sosiale algemeen menslike geregtigheid. Egte reformering van die samelewing is vervang met die transfomasie van die samelewing. Suid-Afrika is goed op pad na 'n sosialistiese staat (en as dit verder versleg, 'n sosialistiese diktatuur). En ten spyte hiervan is daar gereformeerdes wat nie net nie kritiek hieroor wil lewer nie, maar wat meehelp om hierdie sosialisme te vestig onder die valse indruk dat dit God se wil vir samelewingsgeregtigheid is.

## Verlore glans

Calvinisme het sy ywer en sy glans verloor. Calvinisme het 'n reaktiewe beweging geword. Waar is die brandende ywer om die hele samelewing na God se Woord te hervorm? In plaas van reformasie kom daar halfhartige poginkies om die sosialiste se agenda 'n christelike sousie te gee. Onder gereformeerdes is dit byvoorbeeld maar by uitsondering dat daar met entoesiasme opgetree word oor iets soos gereformeerde onderwys - wat lynreg moet staan teenoor die staat se grootse poging om die onderwys 'n voertuig te maak vir die vestiging van 'n menseregte-kultuur.

Calvinisme het tans nie 'n antwoord teenoor die Neo-marxisme nie. Die Neo-marxisme is besig om op sy eie denkpatroon die vraag oor die nood van armoede aan te spreek. Omdat baie gereformeerdes oor die koninkryk van God denkend besig is - maar op 'n neo-marxisties beïnvloede manier, kom daar geen krag na vore nie. Daar word bely dat God die soewereine direkte Redder van sondaars is, maar dat God indirek soewerein is oor sy nie-kerklike skepping. By dié denkers is God Hoof van die kerk maar 'n seremoniële hoof van die skepping. Dit is selfs moontlik dat diegene wat hulself sien as "koninkryk-van-God"-denkers 'n oorgang vorm vanaf Calvinisme na volledige Neo-marxisme. As hierdie tendens (om ongerefomeerde en bedekte marxistiese uitgangspunte as gereformeerd voor te hou) nie gestuit word nie, gaan Calvinisme van die suidpunt van Afrika verdwyn.

## Sak en as help nie

Dit dien egter geen doel om in sak en as te gaan sit nie. Jesus Christus het uit die dood opgestaan - en daardie feit maak reformasie 'n heerlike plig en lewensroeping. Calvinisme kan en moet weer opstaan. Hiervoor is 'n paar dinge dringend noodsaaklik:

## Rook jakkalse uit

★ Daar moet weer duidelikheid kom oor wat as Calvinisme deurgaan en wat nie. Hiervoor moet die term "Calvinisme" weer sterk na vore kom. Die term "reformatories" (wat "Calvinisme" in die sewentigerjare vervang het) dien nie die doel hiervoor nie. Baie van die sogenaamde "reformatoriese" denke is net 'n verlengstuk of "christelike" verfyning van die Neo-Marxisme en moet as sodanig uitgewys en vermy word.

Dit kom daarop neer dat die eerste stap 'n suiweringsproses moet wees. Die jakkalse moet uit die gate gerook word. Te lank al word dit gedweë aanvaar wanneer ongereformeerde denke as gereformeerd gedoop word. Hierin is die belydenisskrifte ons fakkels en swaarde. Enige saak wat nie met die belydenis versoen kan word nie, moet op die man af uitgewys word. So byvoorbeeld moet weer uit die Dordtse Leerreëls aangetoon word dat menseregte die uitverkiesing ten diepste weerspreek. Suiwerheid kom net as die denke deur opregte belydenis uit die Skrif opgeklaar word. Voordat hierdie suiwerheid deur belydenis nie bereik is nie, sal vordering en kragdadige optrede nie moontlik wees nie.

## Akademie

★ Verder sal daar op akademiese gebied 'n doelgerigte poging aangewend moet word om Calvinisme weer in die akademie te vestig. Die direkte soewereiniteit van God oor alles in die skepping moet daadwerklik en sinvol akademies bely word. Hiervoor moet met die Roomse dwaling van "genade-natuur-skeiding" vir eens en vir altyd afgereken word. Verder moet die akademie wegdoen met die gebruikmaking van sogenaamde waarheidsmomente uit heidense denke. Laastens moet daar ook nie in 'n "charismatiese" gat vasgeval word nie, deur te

dink dat om 'n bybelversie aan te haal jou "Calvinisme" waarborg. Christelikheid is nie 'n verskoning vir swak of middelmatige akademiese werk nie. Inteendeel, God se eer is hier op die spel.

## Leef gereformeerd

* Derdens moet 'n gereformeerde leefwyse weer onder die kerkvolk gevestig word. Ons mag nie dink dat gereformeerd wees beteken om lidmaat van die G.K.S.A. te wees nie. Alle gemeentes moet weer opgevoed word om te weet wat dit beteken om alledaags God se direkte Koningskap te bely en te soek - ook in die politiek en ander lewensfere. Sonder dat die gereformeerde denke weer deurbreek tot "algemene" kennis onder die bevolking, sal Calvinisme hoogstens 'n akademiese oefening bly. Hierin speel die ouderlinge 'n ontsaglike groot rol en hulle moet opnuut hulle verantwoordelikheid besef.

## Gereformeerde konvent

* Laastens kan daar 'n gereformeerde konvensie gehou word. Hierdie konvensie moet as doel hê om rondom die belydenis 'n eietydse getuienis uit die Skrif te gee oor sake wat van belang is. Daar moet egter gewaak word dat hierdie konvensie nie misbruik word deur een of ander (politieke of eie-agenda) drukgroep nie. Daar moet ook breër beweeg word as net die G.K.S.A. Daar is baie gereformeerdes in ander kerkverbande, selfs onder die Engelstaliges. Die sogenaamde bekommerdes sal goed doen om hulle bekommernis om te skakel in 'n eietydse getuienis oor God se soewereiniteit. Wat ons glo wat moet gebeur is net so belangrik, indien nie belangriker nie, as dat ons uitwys wat verkeerd geloop het. So 'n konvensie kan die eerste stimulus wees om vanuit gereformeerde kant sinvol weerstand te bied teen die neo-marxistiese rewolusie wat ons oorrompel en oorwin het.

A.L.A. Buys

*****

SKRIFOORDENKING:

# Die arend en die aasvoëls

**Mat 24:28:** ***"Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom"***

**2 Tes 2:3b:** ***"Want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf."***

## God soos 'n arend

Tussen die arend en die aasvoël is daar 'n groot verskil. Die Here vergelyk Homself met 'n arend (Eks 19, Deut 32:11). Die arend skop haar kleintjies uit die nes, sodat hulle kan leer vlieg. Die kleintjie val en die ma val saam met hom. Wanneer die kleintjie te moeg is en nie meer verder kan nie, dan duik sy skielik onder hom in, sy dra hom op haar vlerke. So dra die Here sy kind op arendsvlerke.

## Uit die nes

God kan ons ook uit die nes uitskop. Daar gebeur onrustige, onaangename dinge in ons lewe. Die Here doen dit om ons selfstandigheid te leer, maar ook om ons afhanklikheid te leer. In die vliegkuns word die arende se vlerke elke keer sterker. Vir ons is dit goed dat God 'n element van onrus werk. Die wendinge, die vaart, die afwisseling, die skok is deel van God se regering. Altyd gebeur daar dinge. Alles is 'n dinamiese proses van selfstandigwording, maar ook van afhanklikheid leer. Op ons eie sal ons nooit kan vlieg nie, onder ons moet daar altyd die drakrag van uitgestrekte vlerke wees. God mag nie wegstaan nie - dit leer die arend ons. As die moeder-arend van haar kleintjies sou wegvlieg, sal hulle hulle te pletter tuimel.

## Verwydering

Tog gebeur dit dat mense van God af wegstaan. Die aasvoël staan in kontras met God as die arend. Afval het met die aasvoëls te doen. God sê self "eers moet die afval kom." Letterlik beteken dit "om weg te staan, om jouself te verwyder van iemand of iets." Die verskriklike feit word geopenbaar: daar is mense wat afval, wat wegbeweeg van God en sy evangelie. Dit is nie heidene waarvan hier gepraat word nie - midde in die christendom beweeg mense weg van God af.

## Verandering

Die arend is 'n beeld wat sê: God mag nie wegstaan nie. Die aasvoël sê: daar is mense wat vir God ken en wil wegstaan, hulle is besig om hulle stelselmatig van Jesus Christus af te verwyder soos Hy Hom in sy Woord aan ons openbaar. Daar is 'n verandering teenoor die kerk wat plaasvind. Binnekant die kerk is daar afval. Afval gaan altyd met verandering gepaard. Verandering kan egter gesond of ongesond wees. Die verandering by die jong arend sal maak dat hy later kan vlieg, dit is gesonde verandering, dit is reformasie, 'n terugkeer na God se Woord. Die verandering by die aasvoël bring hom by 'n dooie liggaam uit, dit is wegkeer van God en sy Woord. Dit kan binnekant die kerk plaasvind. Op die lewende liggaam van Christus, sy ware kerk, is baie mense besig om hulle rug te keer. Hulle hou daarvan om 'n liggaam dood te sien, want aasvoëls hou altyd meer van 'n dooie ding as 'n lewende. Dat mense die kerk wil etiketteer as dood, om die kerk waarlik te wil doodmaak, dit het Christus in sy profetiese rede by die aasvoëls uitgebring... "oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom."

## Antichris

Daar is 'n ander Christus-figuur, 'n sogenaamde antichris wat mense vir hulle wil opstel. Dan gaan dit by die idee van die antichris nie in die eerste plek om 'n mens, 'n persoon nie. Dit gaan om gedagtes, om strominge, om die sirkelgang van die aasvoëls, om die saamkom van die voëls wat ons kan noem 'n ideologie, 'n tydsgees, 'n nuwe tipe godsdiens wat by mense posvat as hulle saamkom. Die antichris is nie dadelik duidelik uitkenbaar nie - daar is aanvanklik 'n misterie, 'n geheim van verborgenheid ter sprake.

Die Skrif praat van die verborgenheid van die ongeregtigheid (2 Tes 2:7). Hierdie verborgenheid is geneig om mense aan te trek, soos aasvoëls om 'n dooie liggaam saamgetrek kan word. Die geheime krag van die wetteloosheid is al aan die werk. Die groot wettelose antichris in die persoon is nog nie hier nie, al is die wêreld vol antichristelike werkinge, naamlik die wetteloosheid. Dit is wat afval so aantreklik maak, juis hierdie geheim van wetteloosheid.

## Geheim

Die verskyning van Jesus as die Seun van God in die vlees van 'n mens is ook 'n misterie (1 Tim 3:16). Daar staan: "die verborgenheid, as die misterie van die godsaligheid wat groot is..." Die misterie van die wetteloosheid staan teenoor die misterie van die godsaligheid. Wetteloosheid wat begin by afval, daar waar mense besig is om van God af weg te beweeg. Die Gees sê duidelik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang (1 Tim 4:1, en 2 Tim 3:1). Deur dit alles bly hier 'n verborge element. Agter die wetteloosheid lê die afval. Jesus gee die aasvoëls as teken dat ons die afval moet raaksien. As mense uit die kerk, wat die liggaam van Christus is, weens afval nou doodgaan, dan lok dit die aasvoëls.

## Dooie kerk

Daar is mense wat soos aasvoëls toesak op 'n dooie liggaam, wat veronderstel is om Christus se kerk te wees. Die kerk kan dan selfs in diens van die wetteloosheid gestel word. Daar is nie net afval wat in die kerk plaasvind nie, maar die afval is doelbewus daar om wetteloosheid te bewerk. Die kerk as liggaam word daarvoor gebruik. Die kerk moet dood wees om daarvoor gebruik te word. As die ware lewende kerk dood is, dan kan die aasvoëls daarmee iets maak. Die antichristelike magte sal dan selfs vanuit die kerk aan die werk gestel word. Verskriklik as 'n mens dan ook later besef dat die antichris sy plek in die kerk sal wil aanwys, dat hy selfs sal voorgee dat hy God is, en dat 'n menigte mense agter hom sal aangaan.

Dit is die teken van die aasvoëls - 'n dooie kerk. 'n Kerk wat meewerk in die misterie van wetteloosheid. Dit is hierdie wetteloosheid wat reeds ook in ons land sigbaar word. Die grondwet wat wet en orde moet reël, het in sy oorsprong en rigting van die enigste ware God wegbeweeg. Daar word debatte gevoer of ons God se Naam mag noem, en wat dit erger maak is dat heidene, valse godsdienste nou mag voorskryf hoe na God verwys mag word, om ook die afgode te pas. Selfs sekere christene wil dat ons nou as mense vir God 'n Naam uitkies wat vir die meerderheid mense pas.

## Hande vat

Die vraag waarby ons ook by die teken van die aasvoëls nie kan loskom nie, is waar ons tans is. Die N.G. kerke, die Hervormde kerke,

die AP kerke, die Gereformeerde kerke of wie ookal. Is dit nou die regte manier om Rooms en charismaties en gereformeerd by mekaar te laat inhaak en dat christene nou demokraties hulle getalle moet wys? Wanneer gaan ons ophou roem oor die sogenaamde 70% christene in ons land?

### Skynlewe

Mense wat nie gereformeerd wil wees nie, wat nie aan die gereformeerde belydenis en kerkorde gebonde wil wees nie, moet ophou om deur subtiele pogings en slim praatjies dit vir 'n mens te probeer wegsteek. Die orde en regering wat Christus vir sy kerk daargestel het, kan nie vir altyd ontwyk word nie. In al ons kerke moet ons versigtig wees vir 'n dooie liggaam met 'n skynlewe. Die wetteloosheid in die kerk moet na gekyk word. Daardeur kan die kerke al hoe meer 'n dooie liggaam word wat deur die ampte, die ouderling, die diaken en die predikant tot 'n skynlewe georganiseer word. Die amp van die gelowige mag nooit gaan lê en op die aasvoëls wag nie. Ons moet nie net altyd organiseer om lewe in te blaas nie. Die spontane gloeiende lewe uit God se Heilige Gees moet daar wees. Ons moet daarna soek as ons rondom die Woord en belydenis wil saamkom. Anders is daar die ander saamkom, die aasvoëls wat saamkom rondom 'n dooie liggaam.

### Opdrag

As daar nie dooie liggame was nie, dan sou die aasvoëls nie kon lewe nie. God sê: "dat afval moet kom..." Die aasvoëls word as't ware aangesê, daar is 'n opdrag vir hulle om nog nie heeltemal toe te sak nie. Daar is iets wat hulle teëhou, die antichris, die mens soos wat hy op die einde sal verskyn is nog nie hier nie. Ons sien hom nog nie in lewende lywe nie, al is die wetteloosheid hoe lewendig. Daar is 'n padblokkade wat sy weg versper, wat eers uit die weg geruim sal moet word. Dit lyk asof daar aasvoëls is wat toesak, maar hulle sak ook nog nie heeltemal toe nie. Die meeste moet nog in die lug bly sirkel.

Jesus sê self dat die evangelie eers aan alle nasies verkondig moet word (Mark 13:10). Dit is wat die antichris teëhou. Jesus Christus is die Een wat sy kerk nog lewendig hou, sy Heilige Gees is daar, sodat dit nie 'n dooie liggaam word waar die aasvoëls saamdrom nie. Christus se program vir die kerkwerk moet eers voltooi word. Ter wille van die evangelie wat nog gepreek moet word is daar nog kerke - dit is die enigste rede. Dit is waaroor dit gaan, Christus met sy ware kerk. Wat waarlik die geskiedenis beheers is nie werklik politieke strominge en leiers met menseregte en demokrasie nie. Alleen Christus regeer. Wat ons met Christus se kerk doen, bepaal wat ons met die blokkade van Christus maak. Ons kan help bou, maar ons kan selfs ook Christus se blokkade wil afbreek. God se opdrag is: kom staan duskant die blokkade, kom by God se versperring en kom werk hard aan die voortgang van die evangelie.

Ds. P.J. Venter.

*****

## 'N DIENAAR VAN GOD TOT JOU BESWIL

### - Suid-Afrika, 1996, Calvyn, Romeine 13 en die staat.

### 'n Wilde en woeste land

Om in die Suid-Afrika van 1996 te leef, is om soms in 'n wilde en woeste land te leef. Nie wild en woes omdat die natuur van nature bar en droog of ongetem is nie. Nee, wild en woes vir sover dit die woelinge onder sy mense aangaan: sy moord-, verkragtings-, gewapende roof- en ander misdaadrekords; sy opsigtelike geestelike en materiële armoede; sy geweldige werkloosheid en werkskuheid; in skrille kontras hiermee sy verkwisting en korrupsie in feitlik alle sektore met sy politieke soustrein wat iewers in die donker newels van die toekoms gaan ontspoor; sy toename in omgekeerde rassisme - op blankes en bruines; sy misleidende obsessie met demokrasie, omdat die meerderheid gelei deur 'n klein groep in elk geval besluit en vakbonde se intimidasie van "regeerders" en die "reënboognasie" walg; sy grenslose gebrek aan respek vir die eie aard van nie-staatlike samelewingsvorme waardeur die samestelling van die politieke bevolking die "bevolkings" van nie-politieke instansies soos universiteite, besighede, skole, sportmanne en tehuise moet bepaal; sy onverdraagsaamheid teenoor die vrye assosiasie van minderhede, want die meerderheid is die "people" en dié se gebrek aan behoorlike regering.

### Calvyn haas onbekend

In hierdie wilde, woeste land is die naam "Calvyn" slegs nog by kleiner groepe bekend. Enkele belangrikes is:

— Eerstens hulle wat apartheid aan Calvyn en die Calvinisme verbind en - ten alle koste - daarmee as deel van gister wil wegdoen. In hierdie groep vind jy talle uit die op-hoorsê-en-onbekend-maak-onbemind kategorie.

— Tweedens hulle wat Calvyn ken en waardeer. Hulle wat leer insien het dat hierdie Hervormer uit die sestiende eeu, by al sy selferkende gebreke, met 'n besondere insig in die Bybel en die Christelike lewe begenadig was en daarom vir die Suid-Afrika van apartheid én daarna 'n boodskap mag hê.

— Derdens dié wat bloot van Calvyn weet. Wat selfs op skool, katkisasie of elders met enkele grepe uit sy lewe kennis gemaak het. Wat liggies positief of negatief oor hom voel, maar dit nie grondig kan verantwoord nie en nie werklik betrokke is nie.

Calvyn se uitleg van Romeine 13:1-7 bevestig die vermoede van die tweede groep. Hierdie gedeelte spits hom toe op die staat en die staatsowerheid, en die aantreklike van sy uitleg lê in die Hervormer se eenvoudige greep op die boodskap en beginsels hiervan vir alle tye en situasies.

## Regering in beheer is wettig

Calvyn lei uit Romeine 13 af dat die staatsowerhede deur God ingestel is. Daarom moet die reg tot regering van 'n bewind wat de facto of feitelik in beheer van 'n land is, erken en gerespekteer word. Of dit nou 'n goeie of slegte, regverdige of onregplegende owerheid is, of nie.

Anders as wat die mensverheerlikers of humaniste in ons land glo, hang die wettigheid van 'n bepaalde bewind nie af van die vraag of die meerderheid hom daar geplaas het, of hy demokraties "verteenwoordigend" is en of hy na die pype van hulle wat bloot getalsgewys die meerdere is, dans nie. Nee, Calvyn glo tereg dat die staat ontstaan het omdat God na die sondeval in sy voorsienigheid die kwaad met die swaardmag wou stuit. Die wettigheid van die staatsowerheid kom dus nie vanuit die mens nie, maar vanuit God. Daarom word die staatsowerheid geroep tot 'n bediening.

## 'n Dienaar tot jou beswil

Die staatsowerheid is geregtig op die eer en respek van sy onderdane én van ander lande, maar op sy beurt moet hy God eer en "'n dienaar van God tot jou beswil" wees.

Hy is dienaar van God wat in elke geval regeer - al glo sommige dit nie. 'n Dienaar wat die openbare orde, vrede en geregtigheid moet najaag; hom moet rig op die algemene nut van sy onderdane; die goeies moet prys en die slegtes moet straf. 'n Dienaar tot beswil van almal.

Vir die huidige Suid-Afrikaanse owerheid beteken dit in eenvoudige taal: vat misdaad en geweld vas; stel 'n openbare raamwerk van orde en vrede as eerste prioriteit waarsonder mens- en landsontwikkeling nie van die grond af sal kom nie; kry end met die geluide dat velkleur steeds 'n oorweging in wetgewing is en keer omgekeerde rassediskriminasie. Rig julle op die regverdige belange van almal.

Ter stawing van hierdie pleidooi 'n paar syfers. Volgens 'n pas vrygestelde Nedcorverslag glo meer as 45% van die respondente dat misdaad die grootste probleem in die land is. Sakevertroue in die wil en vermoë van die regering om misdaad te troef, is tans so laag dat meer mense vir private sekuriteitsfirmas werk as vir die polisie. Meer as 80% van alle klein sakeondernemings brei poste nie uit nie - uit vrees vir misdaad. Misdaad het die land in 1995 R31,3 miljard gekos: 'n bedrag gelykstaande aan 18,02% van die begroting van 1996/7. Teenoor 5,5 in die res van die wêreld, word gemiddeld 45 per 100 000 van ons bevolking vermoor, ens. En dan praat mens nie eers van talle ekonomies aktiewe en professionele mense wat om hierdie redes alreeds landuit is nie.

## Straf ook sy opdrag

Volgens Calvyn volg dit uit Romeine 13:4 dat die owerheid nie verniet die reg het om die swaard te gebruik nie. Hy is God se wreker om die kwaad en onreg te straf. Onwilligheid - om watter rede ookal - om dit te doen is self misdadige troueloosheid.

In hierdie verband maak Calvyn twee belangrike opmerkings vir ons situasie. Die een is dat die doodstraf vir skuldiges niks anders is as die owerheid se gehoorsaming van God se gebod nie. 'n Dogmatiese weiering om die lewe van moordenaars teen dié van hulle slagoffers in die handhawing van orde, rus en vrede juridies op te weeg, is dus uit.

Die ander is dat 'n situasie van ernstige misdaad volgens Calvyn ernstiger strawwe vereis. Die oorwoekering van die reg waarin misdaad alledaags word, vra skerper optrede. Slappe toegeeflikheid kom neer op wrede medemenslikheid en lei tot die verderf van

baie.

### Soustrein en verset

Vir Calvyn beteken staatsoptrede in algemene belang ook dat die gebruik van die staatskas in die verantwoording teenoor God en die burgery deur die algemene noodsaak gelei moet word. Korrupsie en 'n geldverkwistende soustrein wat die kontraste in inkomste in ons land op die spits dryf, stry hierteen..

Oor geweldadige verset teen en 'n verontagsaming van die wette van 'n onregplegende regering is Calvyn versigtig. Aan die een kant sien hy in laasgenoemde 'n rede vir gelowige onderdane tot ootmoed oor eie sonde. Aan die ander kant vind hy hierdie verset 'n laaste opsie - na deeglike oorweging en indien in belang vàn die algemene nut. In sy eie situasie verkies hy dat dit uit die geledere van sommige owerhede kom.

**Prof. P.J. Strauss - UOVS.**

★★★★★

## DIE PSALMS IN CALVYN SE DENKE

### Outobiografies

Dit is welbekend dat Calvyn toegeneë was tot die Psalms. Wanneer hy met die Psalms besig is, open hierdie andersins teruggetrokke mens sy hart. Slegs in sy inleiding tot die Psalmboek kom daar outobiografiese inligting uit sy pen. Calvyn sê: "Met goeie rede is ek in die gewoonte om na hierdie boek te verwys as 'n ontleding van al die dele van die siel, aangesien daar geen menslike emosie is wat nie hier soos in 'n spieël gereflekteer word nie. Dit is 'n raar en buitengewone voordeel wanneer al die geheime plekke van die hart blootgestel is en na die lig gebring is en gesuiwer is van die giftige invloed van skynheiligheid. Kortliks, aangesien dit die beste verdediging van ons saligheid is om jou op God te beroep, en aangesien daar geen beter en sekerder reël gevind kan word as in hierdie boek nie, wie ookal die meeste voordeel getrek het om dit te verstaan, het die grootste deel van die hemelse onderrig verstaan."

Mens kan 'n paar algemene beginsels raaksien met betrekking tot sy eksegetiese en teologiese onderbou. Aangesien hy meen dat die Psalmboek 'n spieël en ontleding is wat die diepste skuilhoeke van die hart openbaar, is dit logies dat die unieke rol van hierdie deel van God se openbaring sy mees basiese en belangrike hermeneutiese en teologiese beginsels na vore bring.

### Identifikasie

'n Rede vir Calvyn se spesiale band wat hy met die Psalms het, word bekend deur een van sy meer interessante eksegeties teologiese benaderings naamlik sy persoonlike identifikasie met die skrywers van die Bybelse boeke, en in hierdie geval, veral met Dawid, wat Calvyn beskou as die skrywer van die meeste Psalms. Hierdie persoonlike identifikasie met die skrywers is 'n kenmerk in Calvyn se denke en handeling en is 'n heel unieke trek by hom. Alhoewel die feit goed bekend is onder Calvyn-navorsers, word miskien te min gemaak van die verband tussen die "in Christus"-tema wat sy teologie deurtrek en die tipologiese eksegese wat hy na vore bring deur sy self-identifikasie met die Bybelskrywers. Aangesien Dawid in die Psalms baie duidelik 'n spreekbuis van Christus is, kan 'n mens sê dat Calvyn ook met 'n "in Dawid" gedagte werk.

### Meer as geskiedenis

Wanneer Calvyn tipologie gebruik as 'n verklaringsmanier, is hy gesteld om net een ding te beklemtoon, naamlik dat meer as 'n blote historiese verklaring op die spel is. Tog, in sy kommentaar op Jes 33:17 sê Calvyn dat die koning 'n tipe van Christus is, maar voeg dadelik by dat niemand moet dink dat hy in allegorie verval nie, iets wat hy ten sterkste afkeur. Dit is belangrik dat Calvyn die eenheid van die Skrifboodskap beklemtoon, en dit maak 'n gereelde tipologiese interpretasie noodsaaklik. Calvyn wil dus altyd in sy verklaring van die Psalms in die skoene van die skrywers staan.

### Gesangboek

Calvyn was ook sterk oortuig dat die Psalms as basiese gesangboek moet dien, vir beide die individu se opbou asook vir die vergaderde gelowiges, die kerk. Hy het hierdie siening bekend gestel deur 'n interessante metode. Hy het die kinders dit laat sing en die res van die gemeente daarby laat inval.

Sy besorgdheid om die Psalms te laat sing as 'n middel vir geloofsopbou blyk duidelik uit sy vroegste reformasiewerk in Genève. In sy geskrifte oor die kerkorde skryf hy: dit is gepas vir die opbou van die kerk om sekere Psalms te sing in die vorm van publieke

gebede. Daardeur word gebede aan God geoffer en sy lof besing ten einde die harte van elkeen so in beweging te bring om op dieselfde manier gebede en gelykluidende lof aan God te bring met dieselfde inslag... Selfs Paulus sê dat dit goed is om in die erediens met die hart en die mond te sing. Ons kan ons nie die groei en opbou voorstel wat hieruit sal voorkom nie, alvorens ons dit nie ervaar het nie. Die Psalms het die vermoë om ons in beweging te bring en ons harte na God op te lig in groot aanbidding en by ons die ywer te wek om sy Naam te prys en sy heerlikheid groot te maak. Verder, hierdeur sal ons agterkom watter rykdom en groot troos van die kerk gesteel is deur die pous en sy aanhangers waar die Psalms by hulleself gemompel word sonder enige verstaan daarvan, terwyl die Psalms ware geestelike liedere is. Om dit reg te kry is dit nodig dat die kinders, wat die kerklied vooraf gememoriseer het, helder en duidelik sing, terwyl die grootmense aandagtig luister in die hart, sodat hulle stadig maar seker gewoond kan word om in die openbaar te sing."

Baie ander gedeeltes van Calvyn kan aangehaal word. 'n Paar van sy beginsels en manier van sy eksegese en formele teologie is die volgende:

### Hart en hoof

★ Calvyn se gedagtegang is altyd meer gerig op die hart as op die hoof. Of anders gestel, sy teologie is meer geestelik en emotief as intellektueel; hieruit kan sy liefde vir die Psalms ook verklaar word.

### Deelname

★ Hieruit volg dat sy oorwegende klem is op die geestelike en emotiewe deelname van die individu en gemeente, eerder as op die rasionele instemming en verstaan. Laasgenoemde is wel baie belangrik, maar sekondêr.

### Aanbidding

★ Calvyn is dus baie meer besorgd oor aanbidding deur lofprysing en dankbaarheid as deur formele opvoeding. Calvyn stel wel dat opvoeding belangrik is, maar nooit iets op sigself nie, altyd as 'n middel tot aanbidding.

### Verwondering

★ Die fundamentele antwoord en reaksie op God se boodskap moet verwondering en lofprysing wees, nie nuuskierigheid en buitengewone weetgierigheid nie. Teologie is nie filosofie nie.

### Boodskap

★ Dat die grondboodskap van die Bybel een is wat aanbidding stimuleer en geestelike groei bevorder. In hierdie boek moet gesien word dat dit 'n geheel na vore bring, en dit mag nie lukraak verdeel word in 'n Ou en Nuwe Testament nie, nóg in verskillende bedelings en nog minder in 'n "voor-en-na"-skema.

### Agtergrond

★ En tog, as voorbeeld van een van die probleme waarmee Calvyn-navorsers te doen het wat met logika sy denke wil verstaan, is dat die eenheid van die Bybelboodskap altyd teen 'n sekere agtergrond gesien moet word. Hierdie basiese eksegetiese beginsel is dat mens altyd eerste by die Skrifwoord se verklaring moet vra wat die oorspronklike boodskap vir die oorspronklike gehoor was binne hulle historiese konteks. Calvyn is sterk gekant teen mense wat die Bybel interpreteer vir teologiese, opvoedkundige of geestelike redes, sonder dat die historiese agtergrond in ag geneem word, of dat die historiese konteks buite rekening gelaat word, slegs vir die doel om dit op die moderne kerk toe te pas.

Dit blyk duidelik uit sy kommentaar op P 50:1 ("Die God van die gode, die Here, spr en roep die aarde, van die opgang van d son af tot sy ondergang toe"). Hierva Calvyn dat baie eksegete probeer om h vers te interpreteer as 'n profesie wat n regering van Christus verwys. Calvyn ontken nie die geldigheid van so 'n uitgangspunt nie, maar hy dring daarop aan dat die eerste en belangrike boodskap die een aan die Jode is, onder wie die diens aan God soos wat die wet voorskryf, geïgnoreer word, en dat God die Jode sal oordeel na gelang van die wet.

**Prof. B. Armstrong, Departement Geskiedenis - Georgia State University, Atlanta.**

★★★★★

# OWERHEID EN ONDERDAAN VOLGENS ARTIKEL 36 N.G.B.

## Geen sondeval, geen staat?

Die owerheid is deur God ingestel. Wat is die doel van hierdie instelling? Volgens dr. A. Kuyper is die instelling van die owerheid te danke aan die algemene genade: die sondeval het die mens sleg laat word en nou word die verdierliking en verslegting van die mens gerem - ook deur die owerheid. Hiermee hang saam Kuyper se opvatting oor die staat. Dit is vir hom 'n liggaam wat min of meer daar is as afweermaatreël teen die afval. Hy gebruik ook hier die beeld van bloed wat in 'n wond stol. Soos wat die bloedvloeiing bedwing word deur hierdie stolling, so dien die staat hier dieselfde funksie wat 'n roof op 'n wond het en wat later weer verdwyn.

Dit beteken dus, en dit is die grondidee, dat as daar geen sondeval was nie, sou daar ook geen owerheid en geen staat gewees het nie. Wie hiermee nie met Kuyper saamstem nie, word deur hom gewys op die begin van die artikel: "ons glo dat ... God ... vanweë die VERDORWENHEID van die menslike geslag ... konings verorden het".

## Geen noodweg

Dit is egter 'n vraag of daar geen owerheid sou gewees het sonder die bederwing nie, buite die sonde om. Immers, as dit waar sou wees, waarom noem God die owerheid en die gesagsverhoudings met sulke mooi name? Die keiser van Rome word herhaaldelik die "koning" genoem, 'n titel wat in die Nuwe Testament ook vir God en Christus gebruik word. As God konings (basileis, in die Grieks) aangestel het alleen om hulle so gou as moontlik weer uit die weg te ruim, waarom annekseer Hy dan die naam (koning) vir Homself? Hieruit blyk dat Kuyper ten onregte 'n onderskeid maak tussen koning as organies groeiend en keiser as iets wat wederregtelik toegeëien is. Immers, ook Augustus word koning (basileis) genoem. Daarom is die staat geen noodweg nie. Dit is God se koninklike weg. As die staat 'n noodweg was, sou God nooit koning wou heet nie, nog minder "despoot" (despotes, in die Grieks), soos die gelowiges Hom in Openbaring noem.

## Staat sonder sonde

Verder kom die term "polis" (staat, stad) ook voor in die Skrif as 'n aanduiding van die kerk. Vandaar dat artikel 32 (N.G.B.) en die kerkorde van "politeia" praat. Maar as daar volgens die Skrif 'n "polis" in die hemel en ook op die aarde is, dan is daar ook 'n staat sonder sonde. En dit sou nog steeds daar gewees het al sou die sonde nie gekom het nie. God het dit in die natuur verorden. Polis is dan ook heel gewoon 'n naam vir die ordening van dinge, deur God as Koning ingestel, afgesien van die sonde - al word die term deur Plato gebruik vir sy ideëwêreld, en vir die materiële wêreld en deur die middeleeuse mistici vir die hemelse hiërargie.

## Pynlik

Natuurlik het die gesag deur die sonde pynlik geword. Die owerheid moet nou straf en dit bring pyn en dit is ook nodig. As God konings (basileis) soos Fillipus en Nero gee, gee Hy dit as "benignus Deus", met ander woorde as 'n welwillende God, wat die goeie vir ons wil.

## Geen algemene genade

Maar die gesag is gegee deur God die Vader. Paulus sou nooit 1 Kor 15:24-28 kon skryf as hy dit nie ingesien het nie, en as hy sê dat die koninkryk aan die einde aan die Vader oorgegee gaan word, dan blyk dit duidelik dat gesag inherent is aan die geskape wêreld. Ons kom op hierdie punt tot 'n verwerping van die algemene genade-idee.

Die aandag moet daarop gevestig word dat die belydenis nie praat van een of ander gesagsorde nie, maar van 'n vaste, sekere orde, wat vas en goed moet wees. Dit word ook bely in art 32: 'n vaste kerkorde - dit geld ook vir art 36 (vgl. ook art 31. KO)

## Antichris verwoes

Ons kom nou tot die bespreking van die sinsnede wat in 1905 geskrap is, wat lui: "Met hierdie doel het hy aan die owerheid die swaard toevertrou om die misdadigers te straf, en die goeies daarteen te beskerm. Hulle amp is nie alleen dat hulle sorg dra vir en waak oor die handhawing van die orde nie, maar ook om toesig te hou oor die heilige erediens, EN ALLE AFGODEDIENS TE WEER EN UIT TE ROEI, EN DIE HEERSKAPPY VAN DIE ANTICHRIS TE VERWOES, en om die heerskappy van Christus te bevorder. Opmerklik hierby is art 3 van die A.R.-program: die beskerming van alle godsdiensgesindes. Hierdie sinsnede is nie deur die Ned. Hervormde kerk en deur die Chr. Gereformeerde kerk geskrap nie. Dit is dus 'n struikelblok vir hereniging.

## Nie alle ketters onthoof

Die skrapping van hierdie 21 woorde was onjuis. Reeds in 1905 het prof. Honig gesê dat hier 'n belangrike stuk geamputeer is, sonder dat daar iets anders in sy plek gekom het, en dit sê hy terwyl hy Kuyper hoog ag. Al is dit nie nodig om presies weer die ou woorde in te voeg nie, moet daar tog die een en ander daaroor gesê word. Die vraag is hier alleen: wat is die swaard, van die owerheid, waarmee die ryk van die antichris verwoes moet word? Swaard beteken hier swaardreg (ius gladii, in die Latyn). Dit wil nie sê dat die owerheid alle ketters moet onthoof nie. Want al het die beul die hele jaar vakansie, dan kan die owerheid nog steeds sy swaardreg uitoefen. Want met daardie swaard het mens ook te doen met die handhawing van Sondagrus en belastingbetaling. Die wet teen vloek is ook die bediening van die swaardreg.

In die rapport van 1905 is 'n aanhaling van Calvyn gegee. Daarmee wou hulle aantoon dat Calvyn die owerheid wil verplig om ketters te dood. Dit is egter heeltemal onjuis - Calvyn praat nie van doodmaak met die swaard nie, maar om die ketters met die swaardreg te bedwing. Die ketters (haeretici) het ook rebelle en politieke misdadigers ingesluit. Calvyn sê dan ook dat die staat alleen in die ergste gevalle die doodstraf moet toedien. Voetius het ook hierop gewys toe hy die Remonstrante bestry het, wat beweer het dat die gereformeerdes op die voetspoor van Calvyn alle ketters met die swaard te lyf moes gaan. Die brandstapel van Servetus, wat ook hierby ingesleep word, is 'n saak van die stad Genève, maar nie 'n basis van die "gereformeerde leer" om ketters dood te maak nie. Daar is in 1905 van die sinsnede 'n karikatuur gemaak en dit is toe geskrap. Afdoende grond vir die skrapping is nie gegee nie. Dit was nie reg nie, en daarom moet mens presies sê wat daar staan en wat bedoel word.

Aan die einde van die artikel word die Anabaptiste genoem, en van hulle en vele ander word gesê: "hulle voer die gemeenskap van goedere in". Hulle het dit inderdaad gedoen en tree daardeur anders op as wat die owerheid beveel het, dus is dit rewolusie. Ons moet aan die staat gehoorsaam wees. Daar is natuurlik 'n grens aan, naamlik op die punt waar ons deur een of ander besluit gedwing sou word om self te sondig. Maar al sondig die owerheid, sover mens self net nie saam sondig nie, is mens aan die owerheid gehoorsaamheid verskuldig.

**Prof K. Schilder**
Uit: Christelijke Religie - Nederlandse Geloofsbelijdenis, (Artikel 36).
Theologische Universiteit. Kampen.

★★★★★

### Boekresensie:

# K. Schilder - oecumenicus.

### K. Schilder over 'het kerkelijke vraagstuk'.

**Dr. J.J.C. Dee**

Oosterbaan & Le Cointre, B.V. 1995.
R145-35, 288p.

Hierdie boek is die tweede deel van 'n beplande trilogie van Dee oor prof. Klaas Schilder. Die eerste deel met die titel "K. Schilder, zijn leven en werk (1890-1934)" verskyn in 1990 en is die proefskrif van dr. Dee te Kampen. Dee is met hierdie werke besig om hom te vestig as die groot Schilder-kenner en mens kan haas nie meer iets oor Schilder sê sonder om Dee daaroor te raadpleeg nie. Deel 1 van die trilogie is meer biografies van aard, terwyl hierdie boek meer dogmaties aangepak is. Dit is 'n baie sinvolle manier om Schilder se lewe en werk te bespreek, aangesien 'n biografie hom nie altyd leen vir die fyn dogmatiese nuanses wat aangedui behoort te word nie.

Die boek is in sewe onderafdelings verdeel en het ook aan die einde vier bylaes. (Drie van Schilder se artikels en een van Greijdanus). Die boek begin met 'n beskrywing van die herdenking-feesvieringe in 1934 oor die afskeiding in die jaar 1834 in Nederland. Dit kan haas nie anders as dat baie aandag bestee word aan die teologiese besinning oor die reg tot afskeiding nie. Alhoewel hierdie probleem 'n eg Nederlandse kerklike probleem is, en die boek ook hierdie kerklike worsteling in detail weergee, beteken dit nie dat dit onbelangrik is vir die Gereformeerdes in Suid-Afrika nie.

Die waarde daarvan om die Nederlandse probleem onder oë te kry, is drieledig. Eerstens was die Gereformeerdes in Nederland met die afskeiding gedwing om teties oor die kerk te dink en opnuut te bely; dit het waarde vir enige gelowige wat ernstig is oor

die kenmerke van die ware kerk. Tweedens beskryf die boek hoe sekere probleme wat algemeen in alle kerke voorkom, gehanteer is. Derdens kan juis die unieke Nederlandse kleur ander kerke (wat nie in Europa is nie) waarsku om te onderskei tussen essensiële sake en randsake. Dit is veral belangrik omdat kerke nie alleen in beroering gebring kan word deur onbenullighede nie, maar ook moet weet watter sake is belangrik genoeg om wel 'n beroering te veroorsaak. Veral die aandrang op ekumeniese toenadering van verskillende verbande met mekaar is 'n huidige vergestalting van die vraag oor wat die kerk waarlik is.

Dee is baie deeglik en sistematies in sy aanpak. Hy integreer 'n groot hoeveelheid detail tot 'n sinvolle geheel. Hy bespreek individuele polemieke met Miskotte, Haitjema, Hepp en andere. Die boek is egter nie net 'n geskiedenis van geskille nie. Schilder se gereformeerde standpunt-inname teenoor Barth is van groot belang, juis omdat die wrange vrugte van Barth se openbarings- en kerkbegrip nou (eers) in sekere kerke (-verbande) gepluk begin word.

Schilder se sterkpunt oor die kerk en ekumeniese sake is dat die kerk altyd 'n geloofsaak is. Schilder sê self: "Dat daar 'n kerk is, kan mens nie sien nie, tog slegs glo." Elke poging om vanuit buite-Bybelse openbaring te probeer vasstel wat die kerk wesentlik is, is 'n poging vanuit ongeloof. Terwyl niemand iets oor die kerk mag sê sonder die Skrif nie, is elke woord wat oor die kerk gesê word, aan die Skrif gebonde (p 122). "Dat wat de kerk tot kerk maakt, moet uit de Schrift worden afgeleid en door de geloof worden aangenome. Het eigenlijke van de kerk is alleen uit Gods Woord te kennen." (p 122). Hierdie is vir Schilder sy fundamentele vertrekpunt as hy oor die kerk praat. Dit vind neerslag in sy konfrontasies met ander teoloë, sy geskrifte soos "Ons aller Moeder", sy teenstand teen die sinodale hiërargie en uiteindelik ook in die Vrymaking self.

Verder kom dit baie sterk na vore dat Schilder aan N.G.B. art 27 - 29 vashou dat dit Christus is wat sy gemeente vergader. In die huidige klimaat waar daar so baie mensgesentreerdheid in die kerke indring, is dit noodsaaklik om hierdie waarheid met sy implikasies weer goed raak te sien. Hieruit spruit Schilder se standpunt dat 'n belangrike kenmerk van die kerk die bewaring van die eenheid is. "Maar dit kenmerk mag geen ogenblik worden losgemaakt van de levende daad van Christus, die door zijn Geest in het hede zijn kerk vergadert" (p 126).

In stryd met Kuyper en andere se pluriformiteitsiening oor die kerk, val Schilder egter nie weer in die slaggat om een kerk(verband) as die enigste ware kerk te sien, waarbuite geen saligheid te vind is nie. Sy dinamiese begrip van die kerk is hiervoor veels te suiwer en skerp. Verdere sake wat vandag uiters aktueel in ons kerke is, is dat die kerk se ontstaan, bestaan en voortbestaan 'n saak van gehoorsaamheid aan God is, dat die norme van kerkwees net uit die Skrif geneem mag word en dat die sigbare eenheid bewaar moet word. Nodeloos om te sê het Schilder in al sy geskrifte oor die kerk 'n sterk vertrekpunt vanuit die verbond gehandhaaf. Dit is 'n winspunt van die boek dat Dee ook kontemporêre kritiek teen Schilder se siening oor die kerk ingesluit het.

Schilder word baie daarvan beskuldig dat hy na regte 'n polemiese kerkverskeurder was, wat ook kritikasterig was oor kleiner dogmatiese sake. Hierdie boek weerlê so 'n siening deeglik. Schilder het, alhoewel hy baie gely het onder die droewige toestand van die verdeeldheid in Christus se kerk, nooit sy geloofsideaal in die ekumene van die kerk prysgegee nie. Inteendeel, hy het dit as sy lewenstaak gesien om juis die eenheid van die kerk te bevorder. Die gemeenskap en die heiligheid van die kerk mag nooit teen mekaar afgespeel word nie, aangesien daarin die kiem van sektevorming versteek sit. Die eenheid van die kerk vergestalt altyd rondom die waarheid. Die heiligheid en die katolisiteit van die kerk is een, en daar is geen waaragtige gemeenskap wat duursaam bly voortbestaan, tot in die hemel, tensy dit gehou word aan hierdie waarheid nie.

Hierdie boek is beslis 'n naslaanwerk waarna gereeld verwys kan word, en ten spyte van die prys oor en oor die moeite werd om aan te skaf. "K. Schilder - oecumenicus" word sterk aanbeveel vir diegene wat belangstel in 'n deeglike uiteensetting van 'n groot kerkman se geloofsbelydenis oor die eenheid van en in die kerk. Die boek is 'n aanwins vir enige boekrak.

**A.L.A. Buys**

★★★★★

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

---

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................

Adres:..............................

..............................

..............................

Poskode:..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..............................

Datum:.............................. Handtekening:..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS